











**VRYDAG**
14 Desember 2024

Volg ons op Facebook (@067triangle)
Stuur 'n e-pos na 067triangle@gmail.com

oh!sixseven
central northern areas



# Kwinkslae, gasvryheid by Otavi-wynboord

**Midde die groot nuus dat twee bottels wyn van Otavi-wynboord se Boshoff familiewyne nou by die gesogte en ikoniese *Cité du Vin*-museum in Bordeaux uitgestal word, het *Sarien Fourie* gaan aanklop by die wynmakers en is op staaltjies, kwinkslae trakteer en met groot gasvryheid.**

"Jy moet die aarde in die goed proe!" sê Gilmar Boshoff, wynmaker en eienaar van Otavi Vineyeards & Self-Catering Accomodation.

Die familieplaas is 13 km buite Otavi op die B8 geleë en is een van net vyf wynplase in Namibië. Gilmar vertel tong-in-die-kies hoe 'n wynmaker van Frankryk toevallig op die plaas oorgebly het en van hul bottels se bont etikette gehou het. Sy het twee bottels saamgevat – die einste twee wat in die museum beland het.

"Die bontgeit is darem iets wat dit seker laat uitstaan daar tussen al die ander," lag hy.

Die Boshoff-familiewyne is egter besonders en hul Syrah – 'n eerste van sy soort wat vir 22

Na bladsy 2

# !Amace help San-kultuur bewaar

Tanja Bause

!Amace N!aici, 'n toergids met sy eie jagtermuseum by Tsumkwe, is waarskynlik een van die min San-mense wat die unieke kultuur laat voortleef deur sy betrokkenheid in die stigting van verskeie museums en kultuursentrums asook die oordrag van hul kennis na kinders.

Hy tree ook as toergids op wat toeriste naby Tsumkwe op bosuitstappies neem waar hy hulle wys hoe die San met 'n pyl-en-boog jag, vuur maak, strikke stel, spore lees en tradisionele boskos en medisyne maak.

!Amace het in 2017 sy eie onderneming, Tsumkwe Craft & Tours, begin. Dit is 2 km buite Tsumkwe op die Sikereti-pad geleë wat na die Khaudum

Na bladsy 2

The Farm Shop

**Merry Christmas and a Prosperous New Year**

Restaurant, Bar, Accommodation

*Thank you for your support during the year.*
*We are open all days and evenings during the festive season.*
*Please feel free to book a table for you and your loved ones.*

Lots of love Ulf and Usia 0817237388

Van bl. 1

Nasionale Park lei. "Ek het my besigheid geregistreer en betaal elke jaar inkomstebelasting aan die regering," sê hy trots.

In 2004 het hy en sy familie gehelp om die Ju/'Hoansi-museum van die Living Culture Foundation Namibia op Grashoek te stig en te bestuur - 'n opelugmuseum waar gaste die kultuur, tradisies en oorspronklike leefwyse van die San kan beleef. Daarna het !Amace by Twyfelfontein gehelp om die Damara Museum te open en toe gevra om ook in Tsumkwe sy eie museum te begin.

### Tsumkwe

"My vrou, Be, kom oorspronklik van Tsumkwe af. Ons het besluit om terug te trek soontoe en 'n jagtersmuseum te begin. In Maart 2010 is die museum in die //Xa/oba-nedersetting geopen.

"Die mense wat in die Nyae Nyae-bewaringsgebied woon, is die enigstes wat nog tradisioneel mag jag.

Ons kan nog steeds die diere se spore lees. Ons kan toeriste wys hoe ons met 'n pyl en boog jag. Ons kan die gif wat ons gebruik vir hulle wys, asook hoe ons voëls met strikke vang."

By die museum is ook kampplekke, tradisionele hutte en 'n opslaantent waarin mens kan oornag.

Aangesien hy so lank al by die lewende museum betrokke is, het !Amace al die nodige ondervinding en kennis van hoe om met toeriste te werk en waarna hulle op soek is.

Hy adverteer ook só op 'n plakkaat: "Ek is 'n plaaslike toergids in Tsumkwe en die omliggende gebiede. Bespreek my vir 'n besoek aan Tsumkwe, die Khaudum Nasionale Park, tradisionele San-nedersettings, die kremetartboom en die Nyae Nyae-panne. Ons ry in jou voertuig – want ek het nie een nie."

!Amace en Be is besonders passievol oor hul tradisie en kultuur en hulle leer die kinders daarvan.

"Dis vir my baie belangrik om ons kultuur te bewaar. Ek het agtergekom veral die jonger mense stel nie meer daarin belang nie. Hulle wil eerder in die kerk of sjebien sit. Ek het geen probleem daarmee om kos

Na bladsy 5

**!Amace N!aici en sy vrou Be !Kaece (heel links) met hul kinders en kleinkinders.**





Van bl. 1

maande lank in 'n eikehoutvat gestoor is – het 'n goue medalje ontvang by die Michelangelo International Wine & Spirit Awards asook 'n silwer medalje by die Vitis Vinifera Wine & Spirit Awards. Eersgenoemde is 'n Suid-Afrikaanse kompetisie wat aan topwyne van oraloor die wêreld erkenning gee. Die tweede gee erkenning aan hoë gehalte wyne.

Die wynmaker-span bestaan uit Tamara Vucic, Gilmar se vrou en finansiële bestuurder; Diane Pusch, die bestuurder en assistentbestuurder Corné de Roubaix. Op die vraag wat die wyn by Otavi Vinyards lekker maak, antwoord hy: "Corné maak dit lekker!"

Gilmar sê andersins is hy 'n 'glorified' sekuriteitswag, want een van sy grootste verant-woordelikhede is om die bobbe-jane elke kort-kort te verwilder of uit te oorlê. Hulle steel graag en ken al al die werkers se karre en roetine!

Gilmar vertel alles het begin toe hy in 2014 die eerste druiwestokke met "'n graaf van 'n sleepwa af" geplant het. In 2018 word die eerste 800 bottels wyn van daardie oes gemaak.

Die wingerde word volgens organiese beginsels bewerk en produseer natuurlike wyne wat die 'terroir' weerspieël waarin dit groei.

"Die wyn moet die klimaat, die grond, die son en die tradisies van Namibië verteenwoordig," sê Gilmar.

Hy was 'n kunsstudent in die Kaap voor hy sy eie wynbedryf in Namibië begin het. Sy pa Bert, 'n dokter, moes vantevore 'n vriend in 'n noodgeval met 'n helikopter vlieg. Hulle het op hul grond by Otavi geland en sy pa het vir sy vriend gevra wat hy met so 'n stuk grond sou maak. "Dit lyk dan vir my net soos die wêreld daar by die Robertson-wingerde," het die vriend opgemerk.

Die res is geskiedenis – "wyn-geskiedenis" vir Namibië.


Boshoff Wines het tans verskeie wyne beskikbaar, waaronder vyf produkte in die Katholischer wynreeks, wat reeds sy merk gemaak het in die Namibiese, Suid-Afrikaanse en wêreldwye wynmarkte.

Hulle spog ook met wyne soos White Catholic, the Blushing Catholic, the Red Catholic, the Bubble Catholic en the Fiery Catholic.


MICRO TECH
NAMIBIA
Empower Your Future
with Leading IT Solutions
Experience unparalleled expertise and support from our team of dedicated professionals who understand that your success is our mission.
From state-of-the-art hardware and software solutions to personalized IT services, we ensure your infrastructure is not just functional but futuristic.
Contact Us!
CORNÉ DUPLESSIS
+264 81 149 4050
T +264 64 403 934
F +264 64 403 934
corne@microtechnamibia.com
admin@microtechnamibia.com
Swakop Plaza Hotel
First Floor
WWW.MICROTECHNAMIBIA.COM

# Our Network, Your Advantage

MICRO TECH
NAMIBIA



With locations across **Namibia**, **MicroTech** ensures that wherever you are, high-quality **IT solutions** aren't far away. Our extensive network of service points highlights our commitment to providing accessible and reliable IT support tailored to the unique needs of each region.

- **Nationwide Coverage:**
  Service points in every major town across Namibia
- **Local Support, Global Standards:**
  Get the same high-quality service whether you're in Windhoek, Swakopmund, or beyond
- **Seamless IT Integration:**
  From urban centers to remote locations, we keep your business connected


**CORNÉ DUPLESSIS**
+264 81 149 4050

T +264 64 403 934
F +264 64 403 934

corne@microtechnamibia.com
admin@microtechnamibia.com

Swakop Plaza Hotel
First Floor

WWW.MICROTECHNAMIBIA.COM


**!Amace N!aici. In die agtergrond is een van die tradisionele hutte waarin besoekers kan oornag.**

Van bL 2

by 'n winkel te koop nie, maar jy moet ook kos in die bos kan soek. Die twee moet mekaar aanvul."

## Grashoek

Grashoek is 'n klein San-nedersetting halfpad tussen Grootfontein en Tsumkwe wat deur !Amace se familie gestig is. !Amace is in die Rundu-omgewing gebore. Ná sy ma dood is, het sy pa saam met sy nuwe vrou Tsumkwe toe getrek en !Amace het op Rundu by sy suster agtergebly. "My twee broers het in my pa se voetspore gevolg en al drie was soldate in die weermag." In 1981 neem sy broer hom terug na sy pa toe, wat intussen Nhoma toe getrek het. !Amace bly in Nhoma agter om by Mangetti Duin skool te gaan toe sy pa weer verder trek. Daarna trek hy en sy pa Grashoek toe, waar sy familie 'n boorgat sink. Grashoek het toe rondom die boorgat ontstaan en was aanvanklik 'n familie-nedersetting, maar meer en meer mense het eindelik soontoe getrek. Vandag is daar 'n laerskool en 'n koshuis.


## 2025 PUBLICATION DATES

Follow us on Facebook @067valley!

**February**
Theme: Valentine's Month

**March**
Theme: Independence Edition

**April**
Theme: Easter Edition

**May**
Theme: May Holidays Edition

**June**
Theme: Winter/ Hunting Season

**July**
Theme: Plan your Matric Farewell

**August**
Theme: Month of Heroes

**September**
Theme: Spring & Various National Shows

**October**
Theme: Month for Physical & Emotional Health

**November**
Theme: Black Friday

**Dec/January**
Theme: Christmas & Back to School


081 219 8949

067triangle@gmail.com

www.ohsixseven.com







# Calender of events

Want to publish your event free of charge? Send all details by the 20th of the month to 067triangle@gmail.com.




















## We are still looking for sales representatives in Tsumeb!



## Welcome Aboard Sonja!

**We are thrilled to welcome Sonja Louw to the Oh!SixSeven team!**

### Otjiwarongo

**Sonja is your go-to person for placing adverts in our newspaper:** Showcase your business, Promote an event, Share a story!

081 678 8228 067sales@gmail.com oh!sixseven central northern areas